

7 Desember

Dank God vir sy onverdiende genade!

Skrifgedeelte: 1 Timoteus 1:12-20

Fokusgedeelte: 1 Timoteus 1:12

Wat Paulus verdien het, was God se ewige straf en oordeel. Hy wou Jesus en sy navolgers uitroei! En hy het gedink dat hy in God se belang optree! Dat hy besig was met goeie werke! Totdat die opgestane Here Jesus Self ingryp en hom totaal ontnugter. Hy was besig met duiwelswerk!

En dan keer sy lewe geheel en al óm. Die vervolger van Jesus Christus word 'n navolger van Jesus Christus. Met ywer en oorgawe het hy sy ganse lewe in diens van die Here Jesus en die uitdra van sy Woord gestel.

Ek kan ook die een of ander tyd in my lewe 'n verkeerde pad loop ... om dan met 'n groot skok agter te kom dat ek gedwaal het. Dat ek eerlik gedink het dat ek die saak van die Here deur my optrede dien. Maar dat die Here deur sy Gees my tot ander insigte bring.

Wat doen ek dan? Probeer ek myself en my verkeerde optrede dan regverdig met antwoorde soos: "Ek was maar 'n kind van my tyd en almal het só gedink en opgetree." En: "Dit is nou maar my geaardheid." Of: Kom ek tot bekering? Gaan ek op my knieë voor die Here? Diep dankbaar oor sy groot genade in Jesus Christus? Dankbaar dat Hy deur sy Woord en Gees my tot die regte insig gebring het?

Onthou: Wie weet hy is verkeerd en tog daarmee volhard, moenie probeer aanspraak maak op God se seën nie! Wie egter weet hy is verkeerd én régmaak: Sal die Here hom nie oorlaai met genade en geloof en liefde wat ons deel is in Jesus Christus nie?

Sing: Psalm 92:1, 2 (Totius)

Dr. Jac Howell (Heidelberg)